

11 April 2022

ALGEMENE OUEROMSENBRIEF NO 11 VAN 2022

Geagte Ouer/Voog

MAKLIKE BETALINGS AAN DIE SKOOL OP “D6 CONNECT”


Hoërskool Randburg gee hiermee ons **eerste** tree na 'n kontantlose betalingstelsel. Hierdie aanlynbetalingsopsie word vanaf die d6-platform bestuur. Dit is dieselfde “**d6 connect**”-toepassingsprogram wat reeds vir kommunikasie, punte en ander gebruik word.

Aanvanklik gaan ons groepe skep waarop individuele leerders wat by sekere projekte of aksies betrokke is, aangeteken is. (bv. sportklere, deelnemersfooie, busgelde, ens.) U, as ouer/voog, sal dan 'n kennisgewing ontvang wanneer u op die “**d6 connect**”-plaform inskakel wat aandui watter gelde vir die betrokke aksie/projek betaalbaar is. Deur die aanlyninstruksies te volg kan 'n maklike betaling aan die skool gemaak word. Slegs projekte deur die skool gelaai, kan so betaal word. Ander betalings geskied steeds op die gewone wyse. Hierdie is dus 'n selektiewe oefenlopie om stelselmatig na 'n kontantlose omgewing te beweeg.


Hoe om 'n **projekbetaling** te maak:

(LET WEL: skoolgelde word NIE deur die “d6 connect” betaal nie)

Vir enige projek sal die Finanskantoor dié spesifieke projek skep. Wanneer die projek aan die leerder, gekoppel is, sal u as ouer/voog 'n “**d6 connect**”-boodskap ontvang. Indien 'n spesifieke bedrag aan die projek gekoppel is, sal dit in die blou blokkie vertoon word.




Druk/klik **op** die boodskap om 'n betaling te lewer.



Sodra die betaling suksesvol gelewer is, sal die boodskap grys word en die bedrag betaalbaar R0.00 wees. U sal ook 'n e-pos met 'n unieke kwitansienommer ontvang as bewys van betaling.

Wanneer 'n projek vir betaling geskep word, kan die betrokke organiseerder ook aan u die "QR"-kode stuur, wat u kan skandeer en betaal.



"d6 connect" beskryf hierdie betalingsproses as volg:

Maklike skool betalings op d6 Connect




- ✓ Skoolfooie & projekte
- ✓ Skoolklere & boeke
- ✓ Snoepwinkels
- ✓ Uitstappies & fondsinsamelings

- 1** Laai die d6 Connect app af en registreer.
- 2** Vind "Betalings" onder "Meer" in d6 Connect.
- 3** Kies "Maak skool betalings" vir betaalbare bedrae.



Projekte sal onderaan u skoolgeldrekeningstaat vertoon word soos in die meegaande voorbeeld vertoon. Indien die projek nie op u van toepassing is nie, kan u dit ignoreer.

		HOËRSKOOL RANDBURG Posbus 77252 Fontainebleau 2032 Tel: 011 782 6226 Faks: 086 051 7902 E-pos: debiteure@hsrandburg.co.za		Bankbesonderhede: Tjek Bank: ABSA Bank Bepok Takkode: 632005 Rekeninghouer: Hoërskool Randburg Rekeningnommer: 170680065 Rekeningtipe: Tjek												
REKENINGSTAAT OP 7 APRIL 2022																
Rekeningverwysing: 1234 Lubbe Merv M Lubbe Posbus 1 Northworld 2155 Tel: 0831234567			Leerder inligting: Mervin Lubbe - 10210 [Graad 12/B]													
Krip asseblief af op die stigpeilyn en stuur die boonste gedeelte terug saam met u betaling LW: Betalings ingesluit tot 7 April 2022																
DATUM	VERW	BESKRYWING	LEERDER	MND	BEDRAG	SALDO										
2022-01-01		Openingsbalans	Mervin	Jan22	-3.288.00	-3.288.00										
2022-01-01	35979	Skoolgeld faktuur	Mervin	Jan22	3.288.00	0.00										
2022-01-09	37538	Skoolgeld EFT betaling ontvang	Mervin	Feb22	-3.288.00	-3.288.00										
2022-02-01	36878	Skoolgeld faktuur	Mervin	Feb22	3.288.00	0.00										
2022-02-13	39197	Skoolgeld EFT betaling ontvang	Mervin	Mrt22	-3.288.00	-3.288.00										
2022-03-01	37377	Skoolgeld faktuur	Mervin	Mrt22	3.288.00	0.00										
2022-03-08	40303	Skoolgeld EFT betaling ontvang	Mervin	Apr22	-3.288.00	-3.288.00										
2022-04-01	38076	Skoolgeld faktuur	Mervin	Apr22	3.288.00	0.00										
Saldo opsomming per leerder op 7 April 2022:																
LEERDER	SALDO 2021	2022											BETAAL ROL	SALDO		
		JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	DES		2022-	TOTAAL
Mervin	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Totaal	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Saldo opsomming per projek op 7 April 2022:																
PROJEK	LEERDER	BETAALBAAR	REEDS BETAAL	SALDO												
Bus HS Hoogenhout 9 Apr 22	Mervin	50.00	0.00	50.00												
Matriekdasse, Hemde & Kopbande 2022	Mervin	290.00	-290.00	0.00												



Sodra die projek afgesluit word of nie meer van toepassing is nie, sal dit outomaties onderaan die staat verdwyn. U kan duidelik sien dat skoolgelde NIE deel van dié projekte is nie.

Ons moedig egter elke ouer van die skool aan om die “d6 connect”-toepassing sover as moontlik vir hierdie projekbetalings te gebruik. Dit het ‘n reuse impak op die doeltreffendheid van ons rekeningkundige stelsel, asook die bestuur van projekte en bespaar ook tyd vir u, as ouer.

Indien u nie van die “d6 connect” gebruik wil maak nie, maar nog steeds per EFT wil betaal, volg asb. die volgende stappe. ALLE betalings moet ‘n spesifieke verwysing hê. Daar moet ‘n beskrywing by elke betaling wees sodat die korrekte allokasie van fondse gedoen kan word.

A: Projekte en enige betalings wat nie skoolgelde insluit nie:

Elke betaling word vergesel van “**Familiekode+Leerdernaam+Projeknaam**”. (Projeknaam soos bv. busgeld/R50 sal telkens aan u deur die betrokke projekorganiseerder deurgegee word).

1. E-pos bewys van betaling (“POP”) aan Lené Knoetze – hsfinans@mweb.co.za

B: Skoolgelde

1. Skoolgelde sal NIE deur die “**d6 connect**”-toep betaal kan word NIE.
2. Indien u 'n bankoorplasing (EFT) doen, maak seker dat u die korrekte verwysing gebruik, naamlik: **Familiekode+Leerder(s) se van+SG**. (SG staan vir skoolgelde).
3. E-pos bewys van betaling (“POP”) aan El-Marié van Rooyen by die volgende e-posadres: debiteure@hsrandburg.co.za

Ons maak staat op u samewerking en glo dat die bostaande reëlings betalings aan die skool makliker en veiliger sal maak.

Vriendelike groete.



T. KNOETZE
ADJUNKHOOF: FINANSIES



P. BOOYSEN
HOOF